

Handelinge 26

Handelinge 26:1-32

1 En Agríppa sê vir Paulus: Dit is jou vergun om vir jouself te spreek. Toe steek Paulus sy hand uit en verdedig homself: 2 Ek ag my gelukkig, koning Agríppa, dat ek my voor u vandag gaan verdedig in verband met alles waarvan ek deur die Jode beskuldig word, 3 veral omdat u bekend is met al die sedes en vraagstukke onder die Jode. Daarom versoek ek u om my geduldig aan te hoor. 4 My lewe dan van my jeug af, wat van die begin af deurgebring is onder my nasie in Jerusalem, ken al die Jode, 5 omdat hulle my van dié tyd af geken het, as hulle dit wil betuig, hoe ek volgens die strengste party van ons godsdiens as Fariseër geleef het. 6 En nou staan ek tereg oor die hoop op die belofte wat aan die vaders deur God gedoen is, 7 waartoe ons twaalf stamme wat God aanhoudend dag en nag dien, hoop om te kom; oor hierdie hoop, koning Agríppa, word ek deur die Jode beskuldig. 8 Wat? Word dit by u as ongelooflik beskou dat God die dode opwek? 9 Wat my betref, ek het gemeen dat ek baie vyandige dinge teen die Naam van Jesus die Nasaréner moes doen. 10 Dit het ek ook in Jerusalem gedoen; en ek het baie van die heiliges in gevangnisse opgesluit, nadat ek van die owerpriesters volmag verkry het; en so dikwels as hulle omgebring is, het ek my toestemming gegee. 11 En in al die sinagoges het ek hulle dikwels gestraf en gedwing om te laster; en ek het uitermate teen hulle gewoed en hulle vervolg, selfs tot in die buitelandse stede.

12 Toe ek dan daarvoor na Damaskus op reis was, met volmag en opdrag van die owerpriesters, 13 het ek, o koning, in die middel van die dag op die pad 'n lig uit die hemel gesien, sterker as die glans van die son, wat my en my reisgenote omstraal het. 14 En toe ons almal op die grond val, hoor ek 'n stem met my spreek en in die Hebreeuse taal sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop. 15 Toe sê ek: Wie is U, Here? En Hy sê: Ek is Jesus wat jy vervolg. 16 Maar rig jou op en staan op jou voete, want hiertoe het Ek aan jou verskyn om jou te bestem tot 'n dienaar en getuie van die dinge wat jy gesien het en van die dinge waarin Ek nog aan jou sal verskyn, 17 terwyl Ek jou verlos uit die volk en die heidene na wie Ek jou nou stuur, 18 om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang.

19 Daarom, koning Agríppa, was ek aan die hemelse gesig nie ongehoorsaam nie, 20 maar ek het eers aan die mense in Damaskus en in Jerusalem en in die hele land van Judéa en aan die heidene verkondig dat hulle tot inkeer moet kom en hulle tot God bekeer deur werke te doen wat by die bekering pas. 21 Om hierdie rede het die Jode my in die tempel gevang en my probeer ombring. 22 Maar omdat ek hulp van God verkry het, staan ek tot vandag toe en getuig aan klein en groot, en spreek niks buiten wat die profete en ook Moses gesê het dat sou gebeur nie: 23 dat die Christus moes ly en die eerste wees uit die opstanding van die dode, en 'n lig aan die volk en die heidene sou verkondig.

24 Maar terwyl hy hom so verdedig, sê Festus met 'n groot stem: Jy is kranksinnig, Paulus; die groot geleerdheid bring jou tot kranksinnigheid. 25 Maar hy sê: Ek is nie kranksinnig nie, hoogedele Festus, maar ek spreek woorde van waarheid en gesonde verstand. 26 Want die koning, met wie ek ook vrymoediglik spreek, weet van hierdie dinge; want ek glo nie dat aan hom iets van hierdie dinge onbekend is nie, want dit het nie in 'n hoek gebeur nie. 27 Glo u die profete, koning Agríppa? Ek weet dat u glo. 28 En Agríppa sê vir Paulus: Jy beweeg my byna om 'n Christen te word. 29 En Paulus sê: Ek sou wel God wil bid dat sowel byna as heeltemal nie alleen u nie, maar ook almal wat my vandag aanhoor, so mag word soos ek is, buiten hierdie boeie.

30 En nadat Paulus dit gesê het, staan die koning op en die goewerneur en Berníce en die wat saam met hulle gesit het. 31 En toe hulle weggaan, praat hulle met mekaar en sê: Hierdie man doen niks wat die dood of die boeie verdien nie. 32 En Agríppa sê vir Festus: Hierdie man kon losgelaat gewees het as hy hom nie op die keiser beroep het nie.

1. Handeling 26:1-11 – Paulus se lewe voor sy bekering

1 En Agríppa sê vir Paulus: Dit is jou vergun om vir jouself te spreek. Toe steek Paulus sy hand uit en verdedig homself: 2 Ek ag my gelukkig, koning Agríppa, dat ek my voor u vandag gaan verdedig in verband met alles waarvan ek deur die Jode beskuldig word, 3 veral omdat u bekend is met al die sedes en vraagstukke onder die Jode. Daarom versoek ek u om my geduldig aan te hoor. 4 My lewe dan van my jeug af, wat van die begin af deurgebring is onder my nasie in Jerusalem, ken al die Jode, 5 omdat hulle my van dié tyd af geken het, as hulle dit wil betuig, hoe ek volgens die strengste party van ons

godsdien as Fariseër geleef het. 6 En nou staan ek tereg oor die hoop op die belofte wat aan die vaders deur God gedoen is, 7 waartoe ons twaalf stamme wat God aanhoudend dag en nag dien, hoop om te kom; oor hierdie hoop, koning Agrippa, word ek deur die Jode beskuldig. 8 Wat? Word dit by u as ongelooflik beskou dat God die dode opwek? 9 Wat my betref, ek het gemeen dat ek baie vyandige dinge teen die Naam van Jesus die Nasaréner moes doen. 10 Dit het ek ook in Jerusalem gedoen; en ek het baie van die heiliges in gevangenis opgesluit, nadat ek van die owerpriesters volmag verkry het; en so dikwels as hulle omgebring is, het ek my toestemming gegee. 11 En in al die sinagoges het ek hulle dikwels gestraf en gedwing om te laster; en ek het uitermate teen hulle gewoed en hulle vervolg, selfs tot in die buitelandse stede.

1.1 Vrae by Handeling 26:1-11

- | |
|--|
| 1. Waarom is Paulus voor Agrippa gebring om te spreek? (vers 1) |
| 2. Waarom ag Paulus dit gelukkig om sy saak voor Agrippa te stel? (vers 2-3) |

Paulus se verskyning voor Agrippa was nie 'n verhoor nie. Paulus het hom op die keiser beroep, daarom sal sy volgende amptelike verhoor voor die gereg eers weer in Rome voor keiser Nero plaasvind. **Paulus is voor Agrippa gebring omdat Festus verleë is oor wat hy aan die keiser moet skryf oor die beskuldigings teen Paulus.** Agrippa is immers goed bekend met die sedes en vraagstukke van die Jode sê Paulus self.

Agrippa kom uit 'n familie wat oor jare al met die Jode te doen het vanuit 'n koninklike posisie. Sy oupagrootjie – Herodes die Grote – het probeer om Jesus as baba om die lewe te bring. Sy oupa se broer het Johannes die Doper onthoof. Sy pa het die apostel Jakobus om die lewe gebring. Hierdie geskiedenis van Agrippa se familie met Christus en die Christelike geloof het hom 'n ongunstige kandidaat gemaak om Paulus se saak regverdig te beoordeel.

Tog sê Paulus dat hy homself gelukkig ag om voor Agrippa te verskyn. Paulus ag homself gelukkig omdat hy nog 'n keer **die geleentheid het om homself voor een**

van die hoogste amptenare van die staat kan verdedig teen die beskuldigings wat die Jode teen hom het. Soos by elkeen van sy ander verdedigings gaan dit nie uitsluitlik daaroor dat Paulus sy eie onskuld wil bewys nie. Sy verdediging is 'n geleentheid om kragtig van Jesus Christus te getuig. Nou het hy die geleentheid om dit voor 'n koning en heidene te doen soos wat Jesus aan hom beloof het toe hy tot bekering gekom het (Hand 9:15).

Paulus lê klem daarop dat hy gelukkig is om aangehoor te word deur iemand wat bekend is met die sedes en vraagstukke van die Jode. Agrippa sal dus kan onderskei en beoordeel of Paulus enigiets gedoen het wat teen die volk Israel, die wet of die tempel was.

- | |
|--|
| 3. Waar het Paulus die grootste van sy jeugtyd deurgebring? (vers 4) |
| 4. Wat is aan al die Jode aangaande Paulus bekend? (vers 4-5) |
| 5. Waaroor sê Paulus staan hy tereg? (vers 6-7) |
| 6. Waarom sou Paulus die vrae vra wat in vers 8 opgeteken is? |

Paulus is in Tarsus gebore, maar dit blyk uit sy woorde dat hy van 'n baie jong ouderdom af **in Jerusalem** gewoon het. In sy betoog maak Paulus aanhoudend melding van sy onverbreekbare verbintenis met die Joodse volk. Hy het onder sy volk in Jerusalem groot geword en dit is aan die Jode – ook die Jode wat so teen hom gekant is – goed bekend.

Die Jode is nie net **bekend daarmee dat Paulus in Jerusalem onder sy volk groot geword het nie.** Hulle is ook **bekend daarmee dat Paulus volgens die strengste party van die Joodse godsdienst as Fariseër geleef het.** Vir al die Jode in Jerusalem was dit geen geheim dat Paulus 'n Jood in murg en been is en wat sy verhouding met die God van die vaders betref, was hy deel van die strengste groepering. Hy het homself as 'n Fariseër bekwaam. Paulus sê in werklikheid dat Agrippa enige Jood in Jerusalem kan uitvra oor hierdie dinge wat hy nou gesê het.

Paulus sê dat hy tereg staan **oor die hoop op die belofte wat God aan die vaders gemaak het.** Dit is op hierdie hoop wat hulle as die twaalf stamme wat God

aanhoudend dien met verlange wag. Die hoop waarvan Paulus praat is die vaste vertrou dat God die belofte van die opstanding 'n werklikheid sal maak. Ook in hierdie deel van sy betoog hoor ons dat Paulus hom voluit met die Jode vereenselwig. Hy vereenselwig hom met hulle deur die vaders sowel as om homself te beskou as deel van die twaalf stamme van Israel.

Paulus se geloof in Jesus Christus is nie 'n afwyking van die geloof van die vaders nie. Dit is eerder die natuurlike uitvloeisel van die geloof van die vaders. Dit is die belofte van die opstanding wat God reeds in die Ou Testament gemaak het, wat daarop wys dat die geloof in Jesus Christus in werklikheid dieselfde is. In Jesus Christus het die hoop op die belofte 'n werklikheid geword, want Christus is uit die dood opgewek het.

Met die vrae in vers 8 **spreek Paulus sy verbasing oor Agrippa se ongeloof oor die opstanding uit**. Verbasing aan die een kant omdat Agrippa so 'n groot kenner is van die Jode se sedes en vraagstukke. Maar verbasing nog meer aangesien dit tog bekend is dat God Jesus uit die dood opgewek het. Die opstanding is immers die bewys dat Jesus werklik die Christus is. En boonop, hoe kan 'n mens die almagtige God wil beperk en sê of beweer dat Hy nie die dooies kan en sal opwek nie. Jesus Christus is die bewys dat Hy dit kan doen en die belofte dat Hy dit met elke mens – regverdig en onregverdig – sal doen.

7. Wat maak Paulus bekend van sy lewe as Fariseër? (vers 9-11)

As Fariseër was Paulus vas oortuig dat hy die Naam van Jesus van die aangesig van die aarde moes verwyder. Soos al die ander Fariseërs was Paulus ook oortuig dat Jesus nie die Messias kan wees nie, want sy Persoon en werk het nie ingepas by hulle beeld van die Messias nie. Daarom het Paulus met alle geweld teen hierdie Naam uitgevaar om dit uitgeroei te kry.

Sy poging om die Naam van Jesus uit te delg, het in Jerusalem begin waar hy baie van **die dissipels in die gevangnisse opgesluit het**. Dit is tog opmerklik hoe Paulus nou die dissipels heiliges noem terwyl hy in daardie vroeë stadium van sy

lewe eerder na hulle as afvalliges sou verwys het. Toe die gevangenskap nie blyk 'n uitwerking op die getalle van die dissipels en verspreiding van die Naam van Jesus gehad het nie, het Paulus hom daartoe gewend om **die dissipels om te bring**.

Uit die woord *toestemming* is daar sommige kommentare wat oortuig is dat Paulus deel van die Joodse Raad was. Daar is egter geen getuienis dat Paulus ooit deel was van die Joodse Raad nie. Dit is geldiger om onder hierdie woord *toestemming* te verstaan dat Paulus sy goedkeuring gegee het vir die doodmaak van die gelowiges. Lukas het reeds in Handeling 8 berig dat Paulus die vermoording van Stefanus goedgekeur het (Hand 8:1). Lukas het nooit berig dat Paulus self die hand aan enige gelowige se lewe geslaan het nie. Met die woord *toestemming* getuig Paulus self dat hy in daardie tyd nie die doodmaak van die gelowiges teengestaan of afgekeur het nie. Met sy instemming is gelowiges ook dan doodgemaak.

Die derde ding wat Paulus gedoen het om die Naam van Jesus uitgeroei te kry was om in al die sinagoges **die gelowiges met geweld te dwing om te laster**. Die dissipels moes hulle geloof in Jesus Christus afsweer deur sy Naam te vervloek en te ontken dat Hy die Messias die Seun van God is. Sonder om terug te deins erken Paulus dat hy werklik soos 'n wilde dier te kere gegaan het in Jerusalem en Judea om die Naam van Jesus uitgeroei te kry. En dit was vir hom nie net genoeg om dit in Jerusalem en Judea te doen nie. **Hy het selfs na die buitelandse stede gereis om die gelowiges te vervolg**. Met buitelandse stede verwys Paulus onder andere na sy onderneming en reis na Damaskus om die gelowiges daar gevange te neem om te straf.

Met hierdie deel van sy getuienis maak Paulus bekend dat hy ook vroeër soos diegene wat hom nou aankla geredeneer het. Daar is baie Jode in Jerusalem en Judea wat Paulus van sy jeug af geken het en weet dat hy self ook teen Jesus en sy leer gekant was.

2. Handeling 26:12-18 – Paulus vertel van sy bekering

12 Toe ek dan daarvoor na Damaskus op reis was, met volmag en opdrag van die owerpriesters, **13** het ek, o koning, in die middel van die dag op die pad 'n lig uit die hemel gesien, sterker as die glans van die son, wat my en my reisgenote omstraal het. **14** En toe ons almal op die grond val, hoor ek 'n stem

met my spreek en in die Hebreuse taal sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop. 15 Toe sê ek: Wie is U, Here? En Hy sê: Ek is Jesus wat jy vervolg. 16 Maar rig jou op en staan op jou voete, want hiertoe het Ek aan jou verskyn om jou te bestem tot 'n dienaar en getuie van die dinge wat jy gesien het en van die dinge waarin Ek nog aan jou sal verskyn, 17 terwyl Ek jou verlos uit die volk en die heidene na wie Ek jou nou stuur, 18 om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang.

2.1 Vrae by Handeling 26:12-18

- | |
|---|
| 1. Waarom het Paulus na Damaskus toe gereis? (vers 12) |
| 2. Wat was uitsonderlik aan die lig wat uit die hemel op Paulus en sy reisgenote gestraal het? (vers 13-14) |

Paulus sê dat hy *daarvoor* na Damaskus gereis het. Om te verstaan waarna verwys die woord *daarvoor* moet 'n mens teruggaan na vers 11. Paulus het die dissipels van die Here Jesus vervolg en uitermate teen hulle gewoed, want hy was vas oortuig dat hy die Naam van Jesus en sy volgelinge moet vernietig. Hierdie vervolging het Paulus nie net in Jerusalem en Judea gedoen nie. **Hy het ook die gelowiges in die buitelandse stede vervolg en daarvoor het hy na Damaskus gereis.**

Die owerpriesters wat Paulus nou van allerhande dinge beskuldig, was bekend met Paulus se lewe voor sy bekering. In Jerusalem het hulle aan Paulus se optrede teen die dissipels van Jesus goedkeuring gegee. Dit het hulle ook geval toe Paulus onderneem het om na Damaskus te vertrek om die gelowiges daar ook te vervolg. Maar na Damaskus toe het die owerpriesters nie net goedkeuring of volmag verleen nie. Hulle het selfs aan Paulus die opdrag gegee om die gelowiges in Damaskus te vervolg en gevange te neem.

Op pad na Damaskus het 'n lig vanuit die hemel vir Paulus en sy reisgenote omstraal. Hierdie was 'n uitsonderlike lig. Dit was in die middel van die dag. Dit wil sê, dit was op die tydstip wat die son op sy helderste skyn toe Paulus en sy

reisgenote deur hierdie lig omstraal is. **En die lig se glans was sterker as die glans van die son.** Paulus het self hierdie helder lig uit die hemel gesien.

Dit was egter nie net Paulus wat deur die helder lig aangeraak is nie. **Paulus en sy reisgenote was so oorweldig deur die helder glans van hierdie lig dat hulle almal op die grond geval het.** Dit was op die pad na Damaskus gebeur het, was dus nie maar net 'n visioen wat Paulus gehad het nie. Selfs die reisgenote kon van hierdie uitsonderlike skerp lig getuig, want dit het 'n uitwerking op hulle gehad.

3. Wat het Paulus gehoor toe die skerp lig op hom en sy reisgenote geskyn het? (vers 14)

Terwyl Paulus op die grond gelê het as gevolg van die baie skerp lig se uitwerking op hom, het hy **'n stem met hom hoor praat in die Hebreeuse taal.** Dit is duidelik dus nie iemand van die omgewing wat met Paulus gepraat het nie, want Paulus het die taal duidelik herken as Hebreeus – die taal van sy vaders.

Die Persoon wat met Paulus gepraat het, het hom persoonlik geken. Hy roep hom op sy naam aan. Afgesien daarvan dat die Persoon Paulus persoonlik ken, wys Hy hom ook daarop dat sy vervolging op iemand anders gemik was as wat hy gedink het. Paulus was onder die indruk dat hy besig is om van die volgelinge van Jesus ontslae te raak, maar **in werklikheid was sy vervolging teen die Persoon wat nou met hom praat.** En in die vraag hoor Paulus **dat dit eintlik waardeloos is om met hierdie vervolging voort te gaan – waarom.** Die vervolging gaan nooit die uitwerking hê as wat Paulus ooit gedink het nie.

Met die stelling wat Jesus maak – Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop – maak Hy dit baie duidelik dat dit nutteloos is om met die vervolging voort te gaan. Dit is soos om jou kop teen die muur te stamp omdat jy jou voet teen 'n klip seergemaak het. Jy gaan niks uitrig teen die muur nie behalwe om jouself verder te beseer.

Prikkels is stokke met skerp punte waarmee diere aangejaag of aangepor is om in 'n seker rigting te gaan. Die dier kan maar skop soos dit wil teen die prikkels op die uiteinde sal hy tog maar in die rigting gaan waarin die drywer hom stuur net om van die prikkels ontslae te raak.

- | |
|--|
| 4. Tot watter besef het Paulus gekom toe hy gehoor het wie is dit wat met hom praat? (vers 15) |
| 5. Waarom het Jesus aan Paulus verskyn? (vers 16) |
| 6. Watter belofte maak Jesus aan Paulus? (vers 17) |
| 7. Watter uitwerking sal Paulus se getuieis op die mense hê? (vers 18) |

'n Mens sou die Naam *Here* in hierdie sin sekerlik ook kon vertaal met meneer soos party kommentare ook dink. Die omstandighede waarin Paulus die vraag vra, dring 'n mens egter om te aanvaar dat Paulus werklik besef het dit is God wat met hom praat. Die helder skerp lig wat uit die hemel op hulle straal en die feit dat almal van hulle op die grond neergeval het, is nie vanweë iets wat 'n mens kan doen nie.

Op sy vraag hoor Paulus die antwoord helder en duidelik in sy moedertaal. Hy is besig om Jesus te vervolg. **Die volgende besef het dus tot hom deurgedring:** Jesus is nie dood soos wat hy gedink het nie, Jesus leef werklik; Jesus is inderdaad die Here en Hy regeer, kyk net die mag wat Hy hier op die pad na Damaskus geopenbaar het; en Paulus is nie maar net besig om mense te vervolg nie, hy is in werklikheid besig om Jesus self te vervolg, want Jesus en sy kerk is een.

Die Here Jesus sê Paulus aan om op te staan. Hy moet nou gaan om te doen waarvoor Jesus hom aangestel het. Jesus se verskyning aan Paulus het ten doel **om Paulus as dienaar en getuie van Jesus Christus aan te stel.** Paulus het as dienaar en getuie van die Joodse Raad na Damaskus gekom om die gelowiges gevange te neem. Hy gaan van Damaskus af weg as dienaar en getuie van Jesus Christus om die bevryding van sonde aan alle mense te bring.

Paulus moet getuig van dit wat Christus reeds aan hom gewys het. Dit is die absolute heerskappy van die opgestane Jesus Christus. Paulus sal ook getuie wees van die dinge waarin die Here Jesus nog in die toekoms aan hom sal verskyn.

Nog voordat daar enige vrees by Paulus kon kom, maak die Here Jesus 'n belofte aan hom. In Paulus het die Heilige Gees 'n radikale verandering laat plaasvind. Deur hom te bekeer en aan hom die geloof in Jesus Christus te gee, het die Heilige Gees Paulus van 'n vervolger na 'n navolger en apostel van Jesus Christus verander. Hierdie omwenteling wat in Paulus gebeur het, sal nie goeie nuus wees vir die Jode nie. En dwarsdeur Paulus se lewe as apostel het hy aan eie lyf ondervind hoe vyandig Jode en heidene teenoor hom was omdat hy die waarheid van Jesus Christus verkondig het.

Die Here Jesus belowe egter dat Hy Paulus uit die volk en die heidene sal verlos na wie toe Hy hom stuur. Die Here gee reeds hierin die aanduiding dat Paulus teenkanting sal beleef. Die Here sal hom egter verlos, sodat hy kan aanhou om 'n dienaar en getuie van Jesus Christus te wees.

Die Heilige Gees sal met die getuienis wat Paulus gee Jode en heidene se oë open. **Sodra hulle oë geopen is, sal hulle hulle bekeer van die duisternis na die lig toe en van die mag van die Satan tot God toe.** Deur die getuienis van Paulus sal die Heilige Gees die bekering in elke uitverkorene se hart werk. Die gevolg van hierdie bekering is dat die uitverkorenes deur die geloof in Christus vergifnis van sondes ontvang sowel as 'n erfdeel onder die geheiligdes.

Vergifnis van sondes en die ewige lewe word dus nie verkry deur die gehoorsaamheid aan die wet, soos Paulus tot voor sy bekering gedink en geleer het nie. Dit word verkry deur die geloof in Christus.

3. Handeling 26:19-23 – Paulus se getuienis aan die Jode en die heidene
19 Daarom, koning Agrippa, was ek aan die hemelse gesig nie ongehoorsaam nie, **20** maar ek het eers aan die mense in Damaskus en in Jerusalem en in die hele land van Judéa en aan die heidene verkondig dat hulle tot inkeer moet kom en hulle tot God bekeer deur werke te doen wat by die bekering pas. **21** Om hierdie rede het die Jode my in die tempel gevang en my probeer ombring. **22** Maar omdat ek hulp van God verkry het, staan ek tot vandag toe en getuig aan klein en groot, en spreek niks buiten wat die profete en ook

Moses gesê het dat sou gebeur nie: 23 dat die Christus moes ly en die eerste wees uit die opstanding van die dode, en 'n lig aan die volk en die heidene sou verkondig.

3.1 Vrae by Handeling 26:19-23

- | |
|--|
| 1. Waarom was Paulus nie ongehoorsaam aan die hemelse gesig nie? (vers 19) |
| 2. Hoe het Paulus die hemelse gesig gehoorsaam? (vers 20) |
| 3. Waarom, sê Paulus het die Jode hom in die tempel gevang? (vers 21) |

In sy verdediging voor koning Agrippa was Paulus se bedoeling nie om van sy bekering te vertel nie. Met die vertelling van die gebeure op die pad na Damaskus lê Paulus die klem op dit wat die Here aan hom gesê het. Die opdrag van die Here aan hom is immers die grondslag en dryfkrag vir sy optrede dwarsdeur die wêreld.

Die opgestane Jesus Christus wat self God en Here is, het aan Paulus verskyn. Daar is by Paulus geen twyfel dat die Here hom persoonlik beveel het om 'n getuie van Christus te wees nie. **Aangesien die Here met soveel krag sy opdrag aan hom gegee het, kan hy werklik nie anders nie as om die bevel van die Here voluit te gehoorsaam nie.** Die Here het hom beveel daarom was hy aan die Here nie ongehoorsaam nie.

Van die oomblik af wat dit vir hom moontlik was, het Paulus begin om getuie van Jesus Christus te gee. Hy het in Damaskus daarmee begin. Van daar af is hy na Jerusalem en **sover as wat hy gereis het, het hy die evangelie verkondig.** In kort kom die verkondiging van Paulus op die volgende neer: Jode sowel as heidene moet tot inkeer kom – hulle moet deur die werking van die Heilige Gees en met die lig van die Woord insien dat hulle op die verkeerde pad is. Dan moet hulle hulleself tot God bekeer – hulle moet hulle toevlug in Christus soek, want dit is slegs deur geloof in Christus dat 'n mens vergifnis by God kan ontvang. Gevolglik moet die mense wat hulle van die duisternis tot die lig bekeer het, werke doen wat pas by die bekering – hulle lewenswandel moet getuig dat hulle werklik in Christus glo.

Paulus stel die feite van die saak. **Die Jode kon dit nie verdra dat die evangelie ook aan die heidene verkondig moet word nie.** Hulle kon dit ook nie verdra dat die heidene slegs deur geloof in Jesus Christus in die koninkryk van God ontvang word nie. Dit is oor hierdie dinge dat die Jode vir Paulus gevange geneem het en nie omdat hy politieke onrus teen die Romeinse regering veroorsaak nie.

4. Hoe het God vir Paulus gehelp? (vers 22)

5. Wat verkondig Paulus aan alle mense? (vers 22-23)

Toe die Jode vir Paulus in die tempel gevange geneem het, was hulle van plan om hom om die lewe te bring. So het Lisias die owerste oor duisend ook nog aan Felix geskryf (Hand 23:27). Maar God het sy apostel beskerm en uit die hande van die verwoede Jode gered. **Dit het gebeur toe die owerste oor duisend by die tempel aangekom het en Paulus uit die hande van die Jode geneem het.** Hierdie redding van Paulus is die vervulling van die Here se belofte aan Paulus toe Paulus deur die Here aangestel is as getuie van Jesus Christus (Hand 26:17). Dit is as gevolg van hierdie hulp wat Paulus van die Here ontvang het dat hy nou nog kan getuig van Jesus Christus.

Paulus se getuienis aan klein en groot kom op die volgende neer: **Christus moes ly, Christus is die eerste een wat uit die dood opgewek is en hierdie goeie nuus is vir die hele wêreld bedoel** – vir die Jode sowel as vir die heidene. Hierdie verkondiging van Paulus is ten volle in ooreenstemming met die profete en met dit wat Moses gesê het. Dit wil sê, die getuienis van Paulus is nie iets wat in die lug hang nie, maar staan vas op die vaste fondament van die Skrif.

4. Handeling 26:24-29 – Paulus roep Agrippa tot geloof

24 Maar terwyl hy hom so verdedig, sê Festus met 'n groot stem: **Jy is kranksinnig, Paulus; die groot geleerdheid bring jou tot kranksinnigheid.** **25** Maar hy sê: **Ek is nie kranksinnig nie, hoogedele Festus, maar ek spreek woorde van waarheid en gesonde verstand.** **26** Want die koning, met wie ek ook vrymoediglik spreek, weet van hierdie dinge; want ek glo nie dat aan hom iets van hierdie dinge onbekend is nie, want dit het nie in 'n hoek gebeur nie.

27 Glo u die profete, koning Agrippa? Ek weet dat u glo. 28 En Agrippa sê vir Paulus: Jy beweeg my byna om 'n Christen te word. 29 En Paulus sê: Ek sou wel God wil bid dat sowel byna as heeltemal nie alleen u nie, maar ook almal wat my vandag aanhoor, so mag word soos ek is, buiten hierdie boeie.

4.1 Vrae by Handeling 26:24-29

- | |
|---|
| 1. Waarom het Festus Paulus van kranksinnigheid beskuldig? (vers 24) |
| 2. Hoe antwoord Paulus op die beskuldiging van Festus? (vers 25) |
| 3. Watter rede voer Paulus aan vir die waarheid van sy getuienis? (vers 26) |

Daar is verskeie dinge wat Paulus gedurende sy verhoor voor Agrippa en Festus gesê het wat vir Festus as Romein en heiden onbegryplik sou wees. Byvoorbeeld hoe kan Paulus homself gelukkig noem terwyl hy 'n gevange is. In sy verdediging het Paulus niks gesê om sy eie veiligheid of selfs vrylating te verseker nie. Hy praat die heelyd oor Jesus en in besonder oor die opstanding uit die dood. **En dit is veral oor die opstanding uit die dood dat Festus vir Paulus van kranksinnigheid beskuldig het.**

Vir Festus as 'n heidense Romein was die opstanding uit die dood iets absurds. Dit is iets wat eenvoudig nie gebeur nie. En tog het Paulus nou keer op keer daarna verwys en selfs gesê dat dit juis oor die saak van die opstanding uit die dood is waarom hy deur die Jode gevange geneem en byna omgebring is.

Teenoor Festus se beskuldiging van kranksinnigheid stel Paulus dit oteenseglik dat hy woorde van waarheid en gesonde verstand spreek. **Sy woorde is juis woorde van waarheid en gesonde verstand omdat dit nagevors kan word in die Skrif.** Alles wat Paulus verkondiging het, is in ooreenstemming met dit wat die profete en Moses getuig het – Christus moes ly en uit die dood opstaan.

Festus het moontlik niks of nie veel geweet van die gebeure rondom Jesus nie, maar Agrippa is 'n kenner van die Joodse sedes en vraagstukke. Hy is goed bekend met dit wat met Jesus gebeur het. **Want al hierdie dinge het in die openbaar gebeur.**

Niks daarvan is vir die algemene publiek weggesteek nie. Dit was immers die bedoeling van die duiwelse magte om Jesus in die openbaar te verneder deur die lyding en uiteindelijke sterwe wat Hy ondergaan het. Ook die opstanding van Jesus is 'n bewese feit. Dit is vooruit geprofeteer en dit het openlik gebeur. Daar was selfs soldate wat daarvan getuig het. Paulus is dus nie kranksinnig soos wat Festus meen nie. Alles wat hy sê is bekend aan almal.

- | |
|---|
| 4. Watter appèl maak Paulus op Agrippa? (vers 27) |
| 5. Hoe reageer Agrippa op Paulus se appèl (vers 28) |
| 6. Watter begeerte spreek Paulus uit? (vers 29) |

Paulus het homself voor koning Agrippa verdedig. Paulus het sy verkondiging in die verdediging op Agrippa toegespits. En nou gebruik Paulus juis Festus se beskuldiging en sy antwoord daarop as die geleentheid om Agrippa voor die waarheid van God se Woord te stel. Hy vra vir Agrippa of hy die profete glo. Hy vra nie of Agrippa in Jesus glo nie, maar of hy die profete glo.

Paulus is oortuig dat Agrippa die profete glo, want dit was bekend aan almal. **Aangesien Agrippa die profete glo, wil Paulus hom lei om in die lig van die profete in te sien dat Jesus werklik die beloofde Verlosser en Messias is.** Paulus maak dus appèl op Agrippa se kennis en geloof van die profete om hom by die waarheid van Christus te bring.

Met Paulus se vraag of Agrippa die profete glo, was Agrippa in die kollig. Indien hy sou antwoord dat hy wel die profete glo, staan hy die gevaar om nie meer in so hoë aansien by Festus te wees nie. Festus het so pas Paulus van kranksinnigheid beskuldig. As hy sou sê dat hy die profete glo, kan Festus hom ook as 'n kranksinnige beskou en hy is nie bereid om hierdie vriendskap met die goewerneur te verloor nie.

Indien Agrippa aan die ander kant sê dat hy nie die profete glo nie, sal dit beteken dat hy aansien by die Joodse onderdane verloor. Hy is dan nou juis by hierdie verhoor teenwoordig omdat hy so 'n groot kenner van die Joodse sedes en vraagstukke. Daarom het hy ook nie kans gesien om te sê dat hy nie glo nie.

Ter wille van sy aansien by die Romeine sowel as by die Jode het Agrippa toe op 'n louerige manier gereageer deur te sê dat Paulus hom byna beweeg om 'n Christen te word. Met hierdie antwoord het hy nie gesê dat hy op die punt is om 'n Christen te word nie. Hy het eintlik vir Paulus gekomplimenteer, want Paulus het dit byna reggekry.

Paulus se begeerte is dat nie net koning Agrippa nie maar dat almal wat hom op daardie dag gehoor het, mag word soos wat hy is – 'n volgeling van Jesus Christus. Paulus het immers sy verdediging gestuur in die rigting van verkondiging van Jesus Christus as die Verlosser. Dit is immers deur die verkondiging van Christus dat die Heilige Gees mense tot geloof bring.

Paulus voeg by dat hy wens die mense word soos hy sonder die boeie. Dit is moontlik dat Paulus geboeid voor Agrippa verskyn het, maar ek reken dit was onwaarskynlik omdat Paulus 'n Romeinse burger was.

5. Handeling 26:30-32 – Agrippa se bevinding aangaande Paulus

30 En nadat Paulus dit gesê het, staan die koning op en die goewerneur en Bernice en die wat saam met hulle gesit het. 31 En toe hulle weggaan, praat hulle met mekaar en sê: Hierdie man doen niks wat die dood of die boeie verdien nie. 32 En Agrippa sê vir Festus: Hierdie man kon losgelaat gewees het as hy hom nie op die keiser beroep het nie.

5.1 Vrae by Handeling 26:30-32

- | |
|---|
| 1. Waarom het koning Agrippa die leiding geneem om op te staan? (vers 30) |
| 2. Waaroor was hulle almal oortuig aangaande Paulus? (vers 31) |
| 3. Wat was Agrippa se gevolgtrekking oor Paulus? (vers 32) |

Paulus se direkte vrae aan koning Agrippa het dit vir hom ongemaklik gemaak. **Die verhoor het – wat in werklikheid 'n verkondiging van die evangelie was – vir Agrippa nou te persoonlik geraak.** Daarom het Agrippa opgestaan om daarmee die einde van die verhoor aan te dui. Uit respek vir die koning het Festus en Bernice

en almal wat saam met hulle daar gesit het opgestaan. Agrippa het nie kans gesien om daar voor almal die waarheid van profete te erken nie.

Hulle – dit is Agrippa en Festus – was oortuig dat Paulus niks gedoen het wat die dood of selfs boeie verdien het nie. Hulle was dus oortuig dat Paulus inderdaad onskuldig is aan enige van die aanklagte wat die Jode teen hom ingebring het. Dit is die vierde keer dat die amptenare tot dieselfde slotsom aangaan Paulus kom. Die Fariseërs het gesê dat Paulus onskuldig is (Hand 23:9), Lisias die owerste oor duisend het dit ook bevind (Hand 23:29) en Festus (Hand 25:25). Dit was egter nie net 'n bevinding oor Paulus nie, maar by implikasie ook 'n bevinding oor die Christelike geloof.

Agrippa was oortuig dat Paulus vrygelaat kon word. Maar aangesien Paulus hom op die keiser beroep het, kan hy nie vrygelaat word totdat die keiser sy saak aangehoor het nie.